higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

4 JUNIE 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Nasieners moet onthou die vak Publieke Administrasie leen hom tot breë interpretasies en dus ’n wye spektrum antwoorde.

2. Die nasienriglyn dien as riglyn vir nasieners en is NIE finaal of voorskriftelik nie.

3. Die antwoorde in hierdie nasienriglyn is dus NIE die enigste moontlikheid nie en nasieners moet hul diskresie gebruik. Studente se antwoorde moet ook binne die konteks van hul lewenservaring geassesseer word.

4. Sien inhoud na, NIE grammatika nie.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Onwaar
1.2 Onwaar
1.3 Onwaar
1.4 Waar
1.5 Waar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Waar
1.9 Waar
1.10 Waar

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1
- Gelyke beskerming en voordeel van die reg
- Menslike waardigheid word beskerm en gerespekteer
- Reg op lewe
- Vryheid sekerheid van die persoon
- Mag nie aan slawerny, knegskap of dwangarbeid onderwerp word nie
- Reg op privaatheid
- Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening
- Vryheid van uitdrukking
- Vryheid van assosiasie
- Vryheid van politieke keuses
- Vrye, regverdige en gereelde verkiesings
- Die reg om vreedsaam te vergader, betoog, en petisies voor te lê
- Burgerskap
- Ekonomiese aktiwiteit
- Arbeidsverhoudinge
- Omgewing
- Eiendom
- Behuising
- Gesondheid, voedsel, water en maatskaplike sekuriteit
- Kinderregte
- Onderwys
- Akademiese vryheid
- Taal en kultuur
- Toegang tot inligting
- Regverdige administratiewe optrede
- Toegang tot howe
- Gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persone

(Enige toepaslike 8 × 1) (8)

Kopiereg voorbehou

2.2 **Nasionale of sentrale sfeer**

- Bestuur die land op die hoogste vlak
- Verantwoordelik vir die hooforganisasie en administrasie op sentrale vlak – maak wette en beleide wat van toepassing is op alle ander regeringsvlakke
- Parlement het die gesag om op sentrale vlak wette te maak

Provinsiale of streeksfeer

- Tweede bestuursvlak
- Nege provinsiale regerings vir die nege provinsies
- Nie heeltemal onafhanklik nie en kan die provinsie slegs bestuur in soverre as wat die sentrale regering dit toelaat
- Provinsiale wette en beleide mag nie met sentrale wette en beleide bots nie
- Provinsiale wetgewer kan wette vir die provinsie goedkeur.

Plaaslike of munisipale sfeer

- Kleinste van die drie regeringsvlakke
- Speel 'n belangrike rol in die regeringsprosesse van 'n demokratiese gemeenskap, want amper alle bugers woon in dorpe of stede en kan by plaaslike verkiesings betrek word
- Geleentheid vir gewone burgers om hul eie sake onafhanklik te bestuur
- Besluite moet in ooreenstemming wees met alle wette en beleide wat deur die sentrale en provinsiale regering gemaak is

(Enige toepaslike 3 × 3) (9)

2.3 2.3.1

- Hoogste politieke instelling in 'n staat bestaande uit 'n aantal uitvoerende politieke ampsdraers
- Liggaam mense en instellings wat wette vir 'n bepaalde gemeenskap maak en op daar die gemeenskap afdwing

(Enige 1 × 1)

2.3.2

- Hoogste wet van die land
- Oppergesag oor die parlement
- Waarborg gelyke regte vir alle burgers van die RSA
- Bevat 'n Handves van Regte wat die verhouding tussen die staat en burgers reguleer
- Maak voorsiening vir die samestelling van 'n regering van nasionale eenheid
- Verskans die gemeenskap se belange met byvoorbeeld 'n kiesstelsel met proporsionele verteenwoordiging
- Spel basiese beginsels en reëls uit waarvolgens die land geregeer moet word
- Spel die magte uit waarvolgens die regerende instellings mag regeer
- Bepaal die verhouding tussen burgers en staatsinstellings

(Enige 1 × 1)

2.3.3 Iemand wat volgens die Burgerskapwet van 1995 vir Suid-Afrikaanse burgerskap kwalifiseer. (Enige toepaslikeanswer)

(3 × 1) (3)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Ja

- Sy kan deur naturalisasie aansoek doen om burgerskap omdat sy met ’n Suid-Afrikaner getroud is.
- Twee jaar permanente verblyf en twee jaar van getroud wees met ’n Suid-Afrikaner. (1 + enige toepaslike 2) (3)

3.1.2

- Geboorte
- Herkoms
- Registrasie
- Naturalisasie (4 × 2) (8)

3.1.3 Ja

- Hy is nog steeds ’n Suid-Afrikaanse burger al werk hy in Duitsland.
- Hy moet registreer om te stem, want hy mag nog stem al werk hy oorsee. (1 + enige toepaslike 2) (3)

3.1.4

- Iemand kan met ’n hofbevel ongeskik of versteur verklaar word.
- Iemand kan deur ’n instelling vir geestesiektes kranksinnig verklaar word.
- Onwettige immigrante
- Iemand wat in aanhouding is weens dwelmafhanklikheid of 'n soortgelyke oortreding
- Iemand wat skuldig bevind is aan moord, verkragting, ontvoering, onsedelike aanranding, kaping, roof of omkopery en gevonnis is tot aanhouding sonder die keuse van ’n boete. Alle gevangenes mag egter stem.
- Iemand wat skuldig is aan verkiesingsbedrog of onwettige gedrag tydens ’n verkiesing mag nie in daardie verkiesing stem nie al is hulle as kiesers geregistreer. (Enige toepaslike 4 × 1) (4)

3.2 3.2.1

- Die president wys ’n lid van die Nasionale Vergadering aan as adjunkpresident.
- Elke party wat 80 setels in die Nasionale Vergadering het, is daarop geregtig om 'n adjunkpresident aan te wys.
- As geen party 80 setels het nie, mag die twee partye met die meeste en tweede meeste setels ’n adjunkpresident aanwys.
- Die ampstermyn is vyf jaar. (Enige toepaslike 3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.2.2
- Voer alle aktiwiteite uit wat deur die president of grondwet aan hom toegewys is
- Help die president
- Het dieselfde take as kabinetslede
- Individueel en kollektief saam met kabinetslede aan die parlement verantwoordelik
- Verskaf gereeld volledige verslae oor alles onder sy beheer aan die parlement (Enige toepaslike 3 × 2) (6)

3.3
- Landboudienste
- Kultuursake
- Onderwys, buiten universiteite van tegnologie en universiteite
- Gesondheidsdienste
- Behuising
- Taalbeleid
- Polisie- en beskermingsdienste
- Openbare vervoerdienste
- Toerisme
- Plaaslikeregeringsake
- Provinsiale rekeninge
- Dobbeldienste (buiten loterye)
- Omgewingsake
- Openbare werke
- Streeksbeplanning en -ontwikkeling
- Tradisionele leiers
- Stedelike en landelike ontwikkeling
- Besluite wat deur middel van stemming geneem is
- Interne sake
- Onderworpe van bespreking, onderhewig aan reëls

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1

- Die kind se eerste kontak met welsynsdienste is in gesinsverband waar bejaardes, siekes en hulpelose kinders versorg word.
- Die gesin is die kind se eerste kontak met ’n beskermingstelsel waar die gesinslede en eiendom beskerm word.
- Die gesin dien as ’n eerste statussimbool, want dit behoort aan ’n groep met ’n kulturele en sosiale agtergrond.
- Die kind kry nie net versorging, hulp, ondersteuning en emosionele veiligheid van die ouers nie, maar ook vaardighede om in die gemeenskap te gebruik.
- Die kind leer om interpersoonlike verhoudings te ontwikkel wat sal bepaal of die wêreld vriendelik of vyandig is.
- Die ouer stel die kind bekend aan ’n verskeidenheid groepe in sy omgewing en aan elkeen se eienskappe.
- Die kind word geleer om sy bure lief te hê.
- Die kind word bekendgestel aan sosiale beperkings soos aanvaarbare gedragsnorme, grense van verdraagsaamheid vir wat reg en verkeerd is, morele standaarde en houdings.
- Die gesin berei hom voor om sy verantwoordelikhede in die gemeenskap te aanvaar. (Enige toepaslike 4 × 2) (8)

4.1.2 **Publieke administrasie**

- Deur staatsinstellings toegepas
- Gevind in die openbare sektor
- Bestaan om die algemene welsyn van mense te bevorder
- Aanspreeklik aan die publiek, want belastingbetalers se geld word gebruik
- Voorsiening van noodsaaklike dienste

Private administrasie

- Deur private besighede toegepas
- Gevind in die private sektor
- Bestaan om wins te maak
- Nie aanspreeklik aan die publiek nie, want hulle gebruik hul eie geld om ’n besigheid te begin
- Betrokke by die vervaardiging en verkoop van produkte en dienste (Enige toepaslike 4 + 4) (8)

4.1.3
- Genees die verdelings van die verlede en skep ’n samelewing wat op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte gebaseer is
- Lê die grondslag vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin die regering op die wil van die mense gebaseer is en elke burger gelyke beskerming deur die wet geniet
- Verbeter die lewenskwaliteit van alle burgers en bevry die potensiaal van alle mense
- Het oppergesag oor die parlement
- Waarborg gelyke regte vir alle burgers van die RSA
- Bevat ’n Handves van Regte wat die verhouding tussen die staat en burgers reguleer
- Maak voorsiening vir die vorming van ’n regering van nasionale eenheid
- Vervang die voormalige vier provinsies met nege provinsies wat elk ’n eie provinsiale regering het
- Verskans die gemeenskap se belange met bv. ’n kiesstelsel met proporsionele verteenwoordiging
- Bou ’n verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat onder die nasies kan inneem
- Erken en verseker die diversiteit van alle mense

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)

4.1.4
- Beleidsvorming
- Organisering
- Finansiering
- Personeel
- Bepaling van werksmetodes en prosedures
- Beheer (Enige toepaslike 6 × 1) (6)

4.2 4.2.1
- Hoogste hof van appèl in alle aangeleenthede behalwe grondwetlike aangeleenthede
- Besluite is bindend vir alle howe van ’n laer orde
- Arbeidsappèlhof verhoor appèlle van die arbeidshof
- Bestaan uit ’n hoofregter, adjunkhoofregter en ’n aantal regters

(Enige toepaslike 2 × 2) (4)

4.2.2
- Grondwethof
- Hooggeregshof
- Landdroshof
- Hof vir klein eise (Enige toepaslike 2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Nasionale Vergadering
5.1.2 Nasionale Raad van Provinsies

(Enige 2 × 2) (4)

5.2
- Die president is die hoof van die kabinet
- Adjunkpresident
- Ministers
- President wys die adjunkpresident en ministers aan
- Ampstermyn is vyf jaar (Enige 3 × 2) (6)

5.3
- Verantwoordelik vir die voorsiening van fisiese, maatskaplike en administratiewe dienste of openbare dienste
- Moet in die burgers se behoeftes voorsien
- Ministers is die politieke hoofde van staatsdepartemente en -dienste wat deur staatsamptenare gelewer word
- Organisatoriese eenheid wat 'n spesifieke soort dienste lewer, bv. onderwys deur die Departement van Onderwys
- Implementeer staatsbeleide
- Stel begrotingsvoorstelle op wat in die nasionale begroting ingesluit moet word (Enige toepaslike 4 × 2) (8)

5.4
- Die parlement sal voortaan voortdurend in sitting wees.
- Lede geniet vryheid van spraak.
- Die parlement het sy eie boetes.
- Die parlement funksioneer deur middel van 'n debat waarna 'n besluit geneem word.
- Nadat 'n wetsontwerp bekendgestel is, vind die debat plaas en 'n meerderheidstem word geneem.
- 'n Kworum van minstens die helfte van die huis moet teenwoordig wees.
- 'n Komiteestelsel word gebruik om verskille op te los.
- Die belangrikste funksie is die uitvaardiging van wette.
- Daar is geregtelike beheer oor die parlement.
- Die parlement moet die uitvoerende hoof aanspreeklik hou.
- Die parlement kan enige persoon dagvaar om getuienis te lewer of dokumente te verskaf.
- Die parlement moet instem tot 'n noodtoestand.
- Die parlement beheer staatsinstellings.
- Die parlement debatteer en stem oor die jaarlikse begroting.
- Die parlement moet 'n gesamentlike reëlkomitee saamstel om reëls en verordeninge te maak.
- Die parlement kan die grondwet wysig.
- Die parlement oefen geregtelike beheer oor sy eie aktiwiteite uit.

(Enige toepaslike 6 × 2) (12)

5.5
- Aktiwiteite ter voorbereiding van die skryf van wette
- Bestuur van verskillende staatsdepartemente in die regering
- Dwing wette af
- Nie betrokke by wetgewing of die administrasie van die reg nie

(Enige toepaslike 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

5.6
- Is betrokke by gesprekke met die publiek
- Help mense in hul kiesafdelings (stemareas)
- Neem deel aan debatte oor sake van nasionale belang en wetsontwerpe wat goedgekeur moet word
- Is betrokke by komiteeverhore
- Volledige vryheid van spraak
- Ministers beantwoord vrae oor hul staatsdepartemente

(Enige toepaslike 3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 6

6.1
- Dit vorm 'n sterk struktuur waarop die samelewing gebou word en word dus dikwels die hoeksteen van demokrasie genoem.
- Verseker dat nasionale en provinsiale beleide op plaaslike vlak toegepas word
- Regering naaste aan die mense, kan hul behoeftes verstaan
- Voorsien demokratiese en verantwoordbare regering vir plaaslike gemeenskappe
- Verseker die verskaffing van dienste aan gemeenskappe
- Bevorder maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling
- Bevorder 'n veilige en gesonde omgewing vir gemeenskappe
- Moedig gemeenskappe aan om betrokke te wees by plaaslike regering

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)

6.2
- Maak regulasies wat in ooreenstemming is met nasionale en provinsiale wetgewing vir bv. toerisme, vullisverwydering, gesondheidsdienste, stormwater dreinering
- Skryf prosedures voor om munisipale belasting te hef en te verhaal
- Skryf voor hoe munisipale inkomste bestee sal word om die nodige dienste te verskaf om alle burgers se welsyn te handhaaf
- Verseker dat nasionale en provinsiale beleide op plaaslike vlak toegepas word
- Bestuur op eie inisiatief, maar onderworpe aan nasionale en provinsiale wetgewing en die grondwet
- Mag oor eie werkswyse besluit deur bv. komitees te stig, maar besluite moet deur 'n volle raad geneem moet word (Enige toepaslike 5 × 2) (10)

6.3
- Word verkies op die eerste vergadering van 'n nuwe raad na 'n plaaslike verkiesing
- Vervul nie 'n administratiewe pos nie, maar het 'n kantoor in die munisipale gebou
- Tree op as seremoniële hoof en verteenwoordig die dorp as die eerste burger
- Leier van die plaaslike tak van die politieke party wat die proporsionele setels tydens die verkiesing gewen het
- Is die voorsitter van vergaderings van die uitvoerende komitee

(Enige toepaslike 4 × 2) (8)

6.4
- Water
- Instandhouding van paaie
- Sanitasie
- Elektrisiteit
- Vervoer
- Primêre gesondheidsorg
- Opvoedkundige programme om geletterdheid in die gemeenskap te bevorder
- Behuising
- Verkeersbeheer
- Begraafplase en krematoriumbeheer
- Stormwaterdreinering
- Brandweerdienste
- Biblioteekdienste
- Kunsgalereie
- Abattoirs
- Sport- en ontspanningsdienste
- Voorkoming van besoedeling
- Munisipale sekuriteit
- Toerismedienste
- Lughawefasiliteite
- Stedelike en landelike ontwikkeling (Enige toepaslike 6 × 1) (6)

6.5
- **Burgemeester**
  - Voorsitter van uitvoerende komitees se vergaderings
  - Voer pligte uit, waaronder alle seremoniële funksies, en gebruik die mag wat deur die munisipale raad aan hom/haar gedelegeer is

- **Adjunkburgemeester**
  - Voer pligte uit wat deur die burgemeester aan hom/haar toegewys is

- **Raadslede**
  - Dien as lede van die munisipale raad en vervul pligte rakende munisipale bestuur en administrasie

(Enige toepaslike 3 × 2) (6)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou